

## Oud Testament - Gesondheid en Geneesing

### Die HERE se seeninge op die Israelite vir gehoorsaamheid aan die wet van God.

Verstaan daarom dat die HERE jou God inderdaad God is. Hy is die getroue God wat sy verbond vir duisend geslagte hou. Hy hou nie op om dié mense lief te hê wat Hom liefhet en sy geboorte gehoorsaam nie. Maar, Hy huiwer ook nie om die mense wat Hom haat, te straf en te vernietig nie. Daarom, gehoorsaam eerder al hierdie opdragte, voorskrifte en bepalings wat ek vandag vir julle gee.

"As jy luister na hierdie geboorte en dit getrou gehoorsaam, sal die HERE jou God sy verbond van troue liefde met jou nakom, net soos Hy dit plegtig aan jou voorvaders beloof het. Hy sal jou liefhê en jou seën en jou 'n groot nasie maak. Hy sal vir jou baie kinders gee en Hy sal jou land en jou diere vrugbaar maak. Wanneer jy aankom in die land wat Hy aan jou voorouers beloof het, sal jy groot oeste van graan, druiwe en olywe hê. Jy sal ook groot troppe beeste, skape en bokke hê. Jy sal meer geseënd wees as al die volke van die aarde. Nie een van jou mans of vroue sal kinderloos wees nie en jou diere sal op 'n jong ouderdom vrugbaar wees. Die HERE sal jou bewaar van alle siektes. Hy sal sorg dat die verskriklike siektes wat jy in Egipte geken het jou nie tref nie. Hy sal die siektes eerder op jou vyande laat neerkom! (Deuteronomium 7:9-15)

### Die HERE se vloeke op die Israelite vir ongehoorsaamheid aan die wet van God.

"As jy weier om te luister na die HERE jou God en nie gehoorsaam is aan al die opdragte en voorskrifte wat ek vandag vir jou gee nie, sal al hierdie vloeke kom en jou oorweldig:" (Deuteronomium 28:15)

Die HERE sal siektes onder julle stuur totdat daar niemand oorbly nie in die land wat julle nou binnetrek en in besit neem. Die Here sal julle met toring, koors en inflammasie tref, met skroeiende hitte en droogte, met brandkoring en roes. Hierdie verskriklike dinge sal jou volg totdat jy sterf. (Deuteronomium 28:21-22)

"Die HERE sal jou tref met die swere van Egipte, met gewasse, skurfte en jeuksiektes waarvan jy nie gesond sal word nie. Die HERE sal jou tref met kranksinningheid, blindheid en paniek. (Deuteronomium 28:27-28)

Die HERE sal jou van kop tot tone bedek met ongeneeslike swere. (Deuteronomium 28:35)

"Al hierdie vloeke sal jou agtervolg, inhaal en vernietig as jy weier om te luister na die HERE jou God en die bevel en voorskrifte nie gehoorsaam wat Hy aan jou gee nie. Al hierdie dinge sal vir altyd as 'n teken en waarskuwing vir julle en julle afstammelinge dien. Omdat jy nie die HERE jou God met vreugde en entoesiasme gedien het vir die oorfloed van seën wat julle ontvang het nie, sal julle julle vyande dien wat die HERE jou God teen jou sal stuur. Jy sal honger, dors en kaal gelaat word en in alles gebrek ly. Hulle sal jou wreed onderdruk totdat jy vernietig is. (Deuteronomium 28:45-48)

Die HERE se versterkte seëninge op die Israelite wanneer hulle berou en weer gehoorsaam word aan die wet van God.

"As al hierdie dinge met jou gebeur, die seën en vloek wat ek aan jou voorgehou het, dink daarvoor na wanneer jy tussen die vreemde nasies moet leef waarheen die HERE jou God jou in ballingskap weggevoer het. As jy na die HERE jou God terugkeer en jy en jou kinders begin om weer die geboie wat ek jou vandag gee van harte gehoorsaam, sal die HERE jou God jou situasie verander. Hy sal jou genadig wees en jou terugbring uit al die nasies waarheen Hy jou verstrooi het. (Deuteronomium 30:1-3)

Hy sal jou terugbring na die land wat aan jou voorvaders behoort het en jy sal weer die land besit. Hy sal jou selfs meer voorspoedig en talryker maak as wat jou voorouers was. "Die HERE jou God sal jou hart en die hart van jou nageslag besny sodat jy Hom met hart en siel sal liefhê. Dan sal jy lewe! (Deuteronomium 30:5-6)

"Vandag gee ek aan jou die keuse tussen lewe en dood, tussen seën en vloek. Ek roep die hemel en die aarde as getuies vir die keuse wat jy maak. Mag jy tog die lewe kies sodat jy en jou nageslag mag lewe! Om die HERE jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam, jou aan Hom te verbind, bring vir jou die lewe. Dan sal jy lank bly lewe in die land wat die HERE jou God gesweer het om aan jou voorvaders Abraham, I sak en Jakob te gee!" (Deuteronomium 30:19-20)

Besef dit nou: Ek, ja, Ek is die HERE! Daar is geen ander god as Ek nie. Ek is die Een wat doodmaak en wat lewe gee; Ek is die een wat verwond en gesond maak. Niemand kan uit my krag gered word nie. (Deuteronomium 32:39)

Daar vertel Abraham vir die mense dat sy vrou Sara sy suster is. Koning Abimelek van Gerar laat haar toe haal en neem haar op in sy paleis. Maar een nag verskyn God in 'n droom aan Abimelek en se vir hom: "Jy speel met die dood, want daardie vrou wat jy geneem het, is getroud." (Genesis 20:2-3)

"Ja, Ek weet jy is onskuldig," antwoord God. "Dis hoekom Ek jou gekeer het om teen My te sondig. Ek het nie toegelaat dat jy haar aanraak nie. Stuur haar nou terug na haar man toe. Hy sal vir jou bid, want hy is 'n profeet. Dan sal jy bly lewe. As jy haar nie na hom toe terugstuur nie, kan jy seker weet jy en jou hele huishouding sal beslis sterf." (Genesis 20:6-7)

Abimelek gee toe kleinvee, beeste, slawe en slavinne vir Abraham. Hy gee ook vir Sara terug aan Abraham en se: "Gaan deur my koninkryk en kies vir jou 'n plek waar jy graag wil woon." (Genesis 20:14)

Daarna het Abraham tot God gebid en God het Abimelek, sy vrou en die ander vroue gesond gemaak sodat hulle weer kon kinders hê, want die HERE het al die vroue met onvrugbaarheid getref as waarskuwing vir Abimelek omdat hy Abraham se vrou geneem het. (Genesis 20:17-18)

Toe hulle by die plek Mara kom, was daar uitendelik water. Die water was egter brak en hulle kon dit nie drink nie. Dit is hoekom die plek Mara genoem is. Die volk het toe by Moses gaan kla: "Wat moet ons dan drink?" Moses het hulp by die HERE gaan soek. Die HERE het vir hom 'n stuk hout uitgewys. Hy het dit gevat en in die water gegooi. Dit het die water drinkbaar gemaak. Dit was hier by Mara waar die HERE die volgende reëling

getref het om hulle te toets: "As julle goed luister na die HERE julle God en doen wat vir Hom reg is, gehoorsaam is aan sy wette en reëls, dan sal Ek julle nie dieselfde dinge laat oorkom as die Egiptenaars nie. Ek is die HERE wat julle gesond sal hou."  
(Eksodus 15:23-26)

"Julle mag niemand anders as die HERE julle God aanbid nie. Ek sal julle met kos en water en gesondheid seën. In julle land sal kinders nie met geboorte sterf nie. Julle mense sal nie onvrugbaar wees nie. Ek sal julle lank en gelukkig laat lewe. (Eksodus 23:25-26)

Mirjam en Aaron het begin om van Moses sleg te praat omdat hy met 'n Kussitiese vrou getrou het. Hulle het gese "Die HERE praat beslis nie net deur Moses nie. Hy praat ook deur ons." Die HERE het gehoor wat hulle sê. (Numeri 12:1-2)

Die HERE was kwaad vir hulle en Hy het weggegaan. Terwyl die wolk weg vad die tabernakel af beweeg het, was Mirjam skielik oor haar hele lyf so wit soos sneeu. Toe Aëron sien hoe wit Mirjam van die melaatsheid is, (Numeri 12:9-10)

Moses het hardop na die HERE geroep: "O God, laat sy asseblief tog gesond word!" Die HERE sê toe vir Moses: "As haar pa haar in die gesig gespoeg het, sou sy sewe dae lank die vernedering daarvan moes dra. Verban haar nou vir sewe dae lank uit die kamp uit. Eers daarna mag sy terugkom." (Numeri 12:13-14)

Hulle is van Gorma af weg met die pad na die Rietsee toe om by Edom verby te kom. Langs die pad het hulle ongeduldig begin word. Die volk het teenoor die HERE en Moses begin kla: "Waarom het jy ons uit Egipte laat trek om hier in die woestyn te sterf? Hier is nie kos en water nie. Ons walg van die nuttelose manna!"  
Die HERE het toe giftige slange onder die volk gestuur. Hulle het die volk gepik. Baie uit Israel is daarvan dood. Hulle het na Moses toe gekom en by hom bely. "Ons het 'n fout gemaak met wat ons teen jou en die HERE gesê het. Bid tog vir die HERE dat Hy die giftige slange van ons af sal wegvat." Moses het toe namens die volk tot God gebid.  
(Numeri 21:4-9)

Op pad kom Dawid se manskappe af op 'n man in die veld en bring hom na Dawid toe. Hulle het hom kos en water gegee. Hulle het hom ook 'n stuk vyekoek en twee trosse rosyntjies gegee, want hy het vir drie dae niks te eet of te drink gehad nie. Kort voor lank het hy sy kragte herwin. "Wie is jy en waar kom jy vandaan?" vra Dawid vir hom. "Ek is 'n Egiptenaar," antwoord hy, "die slaaf van 'n Amalekiet. My meester het my drie dae gelede agtergelaat omdat ek siek was. (1Samuel 30:11-13)

Dawid het alles wat die Amalekiete geroof het, teruggekry. Hy het ook sy twee vroue gered. Hulle het niks verloor nie; klein en groot, seun of dogter, en alles wat die Amalekiete geroof het, het Dawid teruggebring. (1Samuel 30:18-19)

Die HERE het Elia se gebed verhoor en die kind het weer lewendig geword. Toe bring Elia die kind uit die bokamer af ondertoe en gee hom terug vir sy ma en sê: "Kyk, jou seun lewe!" Die weduwee sê toe vir Eli: "Nou weet ek vir seker dat jy 'n man van God is en dat die HERE regtig die waarheid deurjou praat." (1Konings 17:22-24)

Die inwoners van Jerigo het Elisa besoek en gesê: " Hierdie dorp is in 'n pragtige omgewing geleë, soos u self kan sien. Maar die water is onbruikbaar en die landerye is onvrugbaar." Elisa se: "Bring vir my 'n nuwe skottel met sout daarin." Hulle het dit gedoen. Toe gaan hy na die fontein waar die dorp water vandaan gekry het en gooi die sout daarin. Hy sê: " Dit is wat die HERE sê: Ek maak hierdie water bruikbaar. Dit sal nie meer dood of onvrugbaarheid veroorsaak nie." Die water het tot vandag toe bruikbaar gebly, net soos Elisa gesê het. (2Konings 2:19-22)

Toe Elisa daar aankom, het die kind nog dood op die profeet se bed gelê. Hy het alleen ingegaan, die deur agter hom toegemaak en tot die HERE gebid. Toe gaan lê hy op die seun met sy mond op dié van die seun, sy oë op die seun s'n en sy hande op die kind s'n. Die seun se liggaam het begin warm word! Elisa staan toe op en stap 'n paar keer heen en weer in die kamer. Toe gaan lê hy weer op die seun. Hierdie keer het die seun sewe keer genies en sy oë oopgemaak! Elisa beveel toe vir Gehasi: " Gaan roep die seun se ma!" Toe sy inkom, sê Elisa: " Hier, vat jou seun!" Sy kom toe in, val voor hom neer en buig voor hom, oorstelp van dankbaarheid. Sy het haar seun opgetel en hom ondertoe gedra. (2Konings 4:32-37)

Elisa het teruggegaan na Gilgal toe. Daar was egter hongersnood in die land. Eendag, terwyl 'n groep jong profete voor hom sit, sê hy vir sy dienaar: "Sit 'n groot pot op die vuur en maak 'n bredie vir die jong profete." Een van die jong mans gaan toe om kruie in die veld te soek. Hy kom af op 'n rank met wilde komkommers en pluk daarvan 'n sak vol. Toe hy terugkom, sny hy dit stukkend in die pot sonder dat hy geweet het wat dit was. Hulle het die bredie opgeskep, maar nadat hulle 'n hap of twee geëet het, roep hulle: "Man van God, daar is gif in die bredie!" Hulle kon nie verder eet nie. Elisa sê toe vir hulle: "Bring vir my 'n bietjie meel." Hy neem dit, gooi dit in die pot en sê: "Nou is dit weer eetbaar. Gaan gerus aan met die ete." Toe hulle dit eet was dit nie meer sleg nie. (2Konings 4:38-41)

Naaman was die koning van Aram se bevelvoerder van die leer. Hy was 'n belangrike man en hoog in aansien by die koning, want die HERE het deur hom groot oorwinnings aan Aram gegee. Hoewel Naaman 'n magtige krygsman was, was hy melaats. Die Arameers het strooptogte in die land Israel uitgevoer en 'n jong Israelitiese meisie gevang. Sy het die diensmeisie van Naaman se vrou geword. Sy het vir haar meesteres gesê: "As Meneer net na die profeet in Samaria kan gaan, sal hy hom van sy melaatsheid gesond maak." (2Konings 5:1-3)

Naaman het met sy perde en strydwaens gekom en voor Elisa se huis gewag. Maar Elisa het 'n boodskap aan hom gestuur: "Gaan en was jou sewe keer in die Jordaanrivier. Dan sal jou liggaam herstel en sal jy van die melaatsheid gesond word." (2 Konings 5:9-10) Naaman het toe afgegaan na die Jordaanrivier toe en hom sewe keer in die rivier gewas, soos die man van God hom beveel het. Toe word sy vel gesond soos die van 'n jong seun s'n. Hy was volkome genees! Naaman en sy hele gevolg gaan toe terug na die man van God toe. Hy het voor hom gestaan en gesê: "Nou weet ek dat daar geen God in die hele wêreld is nie, behalwe in Israel. Aanvaar asseblief my geskenk." Maar Elisa antwoord hom: "So seker as wat die HERE leef, Hy vir wie ek dien, ek sal geen geskenke aanvaar nie." Naaman het daarop aangedring dat hy die geskenk aanvaar, maar Elisa het geweier. (2Konings 5:14-16)

Daarna het Elisa gesterf en hulle het hom begrawe. Moabitiese bendes het elke lente die land binnegeval. Eenkeer was 'n klompie Israëliete besig om 'n man te begrawe toe hulle so 'n bende plunderaars opmerk. Hulle gooi toe die liggaam gou in Elisa se graf. Maar net toe die liggaam Elisa se bene raak, het die dooie man herlewe en regop gestaan!  
(2Konings 13:20-21)

"Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: 'Dit is wat die HERE, die God van jou voorvader Dawid sê Ek het jou gebed gehoor en jou tranes gesien. Ek sal jou gesond maak. Oor drie dae sal jy uit die bed opstaan en na die tempel van die HERE toe gaan. Ek sal nog vyftien jaar by jou lewe voeg, en Ek sal jou en hierdie stad red uit die mag van die koning van Assirie. Ek sal die stad beskerm om my ontwil en ter wille van my dienaar Dawid.'" (2Konings 20:5-6)

Wanneer die volk wat my Naam dra, hulle verontmoedig en bid, en My weer soek en hulle afkeer van hulle bose lewens, sal Ek in die hemel hoor en hulle vergewe en hulle land gesond maak. (2Kronieke 7:14)

Die Israëliete wat in Jerusalem was, het die Fees van die Ongesuurde Brood sewe dae lank met vreugde gevier. Elke dag het die Leviete en priesters tot eer van die HERE gesing, met begeleiding van musiekinstrumente wat aan die HERE gewy is. Hiskia het die Leviete geprys vir die goeie insig wat hulle getoon het tydens die diens van die HERE. Die feesvierings het sewe dae lank geduur. Maaltydoffers is gebring en sondes is voor die HERE die God van hulle voorouers bely. (2Kronieke 30:21-22)

Daar was groot blydschap in die stad, want Jerusalem het sedert die dae van Salomo seun van koning Dawid nie weer 'n feesviering soos hierdie gesien nie. Nadat die priesters en Leviete opgestaan het en die seën oor die volk uitgespreek het, het God dit gehoor, want hulle gebed het die heilige woning in die hemel bereik. (2Kronieke 30:26-27)

Ek sal u lof verkondig, HERE, want U het my gered. U het my vyande verhinder om bly te wees oor my HERE my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.  
(Psalm 30:1-3)

Geseënd is die mens wat omgee vir die armes. In tye van nood sal die HERE hom red. Die HERE sal hom beskerm en hom die laat behou. Hy gee aan hom voorspoed in die land en lewer hom nie oor in die mag van sy vyande nie. (Psalm 41:1-3)

Ek wil die lof van die HERE verkondig. Met alles wat binne-in my is, wil ek sy heilige Naam verheerlik. Ek wil die HERE prys en nie sy goeie dae vergeet nie. Hy vergewe al jou sondes, en genees al jou siektes. Hy verlos jou van die dood, bekroon jou met liefde en medelye. Hy vul jou lewe met goeie dinge, vernuwe jou jeug soos 'n arend s'n.  
(Psalm 103:1-5)

"HERE, help ons!" het hulle geroep en Hy het hulle uit die nood gered. Met 'n woord het Hy hulle genees, en hulle van die dood weggeruk. Laat hulle die HERE loof vir sy liefde, en vir al sy wonderdade aan hulle. (Psalm 107:19-22)

Prys die HERE! Want dis goed om ons God te prys. Dis 'n vreugde en 'n genot om Hom te prys. Die HERE herbou Jerusalem en versamel bannelinge van Israel. Hy genees die gebroke hart, en verbind die wonde. Hy bepaal die getal van die sterre en noem hulle almal by die naam. Groot en magtig is ons HERE. Sy kennis ken geen grense nie. Die HERE ondersteun onderdrukte, maar goddeloses gooi Hy neer op die grond. (Psalm 147:1-6)

My seun, moenie vergeet wat ek jou geleer het nie. Hou vas aan my opdragte. Dit sal jou lank laat lewe en jou 'n vol lewe gee. Moenie dat jy tekort skiet aan liefde en getrouheid nie. Koester dit soos iets waardevols wat jy om jou nek dra. Skryf dit op die tafel van jou hart. Jy sal guns vind by God en by mense. Vertrou op die HERE met alles wat jy het. Moenie staatmaak op jou eie insigte nie. Vra na wat jy wil van God in alles wat jy doen. Hy sal die regte pad vir jou wys. Moenie jouself oorskakel nie. Hou eerder die HERE voor oë en vermy wat sleg is. Dit sal jou gesond hou, jou lewendkrag vermeerder. (Spreuke 3:1-8)

My seun, luister baie goed na wat ek vir jou se. Spits jou ore vir my woorde! Moet dit nooit uit die oog verloor nie. Hou dit altyd in gedagte. My woorde beteken lewe vir die wat daarna luister; gesondheid vir die hele liggaam van die een wat hulle betekenis ken. Bo alles, wees versigtig met wat in jou jart aangaan. Wat jy dink, bepaal alles wat jy doen. (Spreuke 4:20-23)

Die regverdige mens getuig die waarheid; 'n getuie wat lieg, pleeg bedrog. Daar is mense wat dinge sal se wat seermaak. 'n Wyse mens se woorde bring eerder genesing. Die waarheid hou vir altyd; die leuen kom gou aan die lig. Daar is bedrog in die harte van hulle wat kwaad bedink. Daar is vreugde in die harte van hulle wat vrede beplan. (Spreuke 12:17-20)

Verwagtings wat nie realiseer nie, lei tot mismoenigheid. 'n Begeerte wat vervul word, is soos 'n boom wat lewe gee. Hy wat hom nie steur aan raad nie soek na moeilikheid. Hy wat hom aan die reëls steur, sal die goeie vrugte daarvan pluk. Die raad wat wyse mense gee, is soos 'n fontein van borrelende water; as jy dit volg, ontsnap jy die lokvalle van die dood. Mense het respek vir iemand wat goeie insig het. 'n Onbetroubare mens loop 'n pad van vernietiging. 'n Verstandige mens dink voor hy iets doen. Dwase mense verkondig hulle dwaasheid aan die wêreld. 'n Onbetroubare boodskaper bring moeilikheid. 'n Gesant wat jy kan vertrou, bring voorspoed. (Spreuke 13:12-17)

Hy wat na onderrig luister, sal voorspoed geniet. Dit gaan goed met elkeen wat op die HERE vertrou. Iemand wat wys is, word 'n verstandige genoem. As hy welsprekend is, kan hy ook ander leer. Vir iemand met insig is dit die bron van sy lewe. Om dwase tereg te wys is dwaasheid. 'n Mens wat wys is, sê verstandige dinge. Hy kan ander mense onderrig. Mooi woorde is soos heuning; dit is goed vir die gees en bevordelik vir sy lewe. (Spreuke 16:20-24)

Maar ek het darem ook iets goeds opgemerk: Dit is goed dat mense lekker eet en wyn drink en hulle werk geniet, wat hulle ook al onder die son doen, so lank as wat God hulle laat lewe. En as God aan mense rykdom en besittings gee, en die vermoë om dit te geniet, is dit ook 'n geskenk uit sy hand. Hulle kry min tyd om na te dink oor hulle lewe, want God maak hulle dae vol blydschap. (Prediker 5:17-19)

'n Goeie naam is beter as goeie olie, die dag van sterwe beter as die geboortedag. Dis beter om na 'n huis te gaan waar gerou word, want elkeen wat nog lewe, kan dit ter harte neem. Droefheid is beter as om te lag; agter 'n somber gesig gaan dit goed met die innerlike. Die gemoed van die wyse voel tuis waar daar gerou word. Die dwase se gemoed voel tuis waar daar plesier is. (Prediker 7:1-4)

Wysheid is net so goed as 'n erfdeel; dit help hulle wat nog die son sien. Wysheid beskerm jou soos geld beskerming bied. Maar die voordeel van kennis is dat wysheid die lewe van hom wat dit besit, beskerm. (Prediker 7:11-12)

"Maar so sê die HERE die Almagtige: Hierdie inval sal nooit gebeur nie, want Aram is nie sterker as sy hoofstad, Damaskus, nie. En Damaskus is nie sterker as sy koning Resin nie. Wat Israel betref, binne 65 jaar sal die volk heeltemal vernietig wees. Israel is nie sterker as sy hoofstad, Samaria, nie. En Samaria is nie sterker as sy koning, Peka seun van Remalja, nie. Julle glo My nie? As julle wil hê dat Ek julle moet beskerm, moet julle leer om te glo wat Ek se." (Jesaja 6:8-9)

Die maan sal so skerp wees soos die son. En die son sal sewe keer helderder wees. Dit sal lyk soos die son van sewe dae. So sal dit wees die dag wanneer die HERE sy volk begin genees en die seerplekke verbind waar Hy hulle geslaan het. (Jesaja 30:26)

"Gaan terug na Hiskia toe en sê vir hom: Dis wat die HERE die God van jou voorouer Dawid se: Ek het jou gebed verhoor. Ek het jou tranes gesien, Ek voeg vyftien jaar by jou lewe. (Jesaja 38:5)

Maar wat kon ek se? Die HERE het met my gepraat. Hy het die alles gedoen. Nou sal ek my hele lewe lank nederig wees oor wat ek moes verduur het. HERE, u dissipline is goed, want dit lei tot lewe en gesondheid. U het my gesondheid teruggegee en my toegelaat om te lewe! Ja, dit was vir my goed om al hierdie angs te ervaar, want U het my gered van die dood. U het al my sondes vergewe. Want in die graf kan niemand U prys nie. Doeies kan nie u lof verkondig nie. Die wat gesterf het, kan nie hoop op u trou nie. Net die lewendes kan U loof soos ek vandag doen. Vaders moet hulle kinders van u getrouheid vertel. Die HERE is my redder. Met musiekinstrumente sal ons elke dag van ons lewe U lof besing in die tempel van die HERE. (Jesaja 38:15-20)

Hy was verag en verwerp deur mense, iemand wat leed en pyn geken het soos iemand vir wie mense die gesig wegdraai, 'n man van smart en bekend met hartseer. Hy was verag, maar ons het nie omgee nie. Tog was dit ons swakhede wat hy gedra het. Hy het swaar gedra aan ons pyn. Ons het al die tyd gedink hy ly omdat God hom straf. Hy is geslaan en gepynig ter wille van ons sondes. Hy is gestraf sodat ons in vrede kon leef. Hy is geslaan sodat ons gesond kon word. Almal van ons het weggedwaal soos 'n klomp skape. Ons het God se paaië verlaat om ons eie te volg. En toe het die HERE ons almal se skuld en sondes op hom laat neerkom. (Jesaja 53:3-6)

Ek het gesien wat hy doen, maar sal hom gesond maak! Ek sal hom begelei en hom herstel en vertroos. Ek sal sorg dat roubeklaers My weer loof. Hulle sal dan vrede hê, almal van ver en naby. Ek sal hulle almal genees, " sê die HERE. "Maar die goddeloses is soos die onstuimige see. Dit kom nooit tot rus nie. Die golwe hou aan om slyk en modder uit te stoot. Daar is geen vrede vir die bese mense nie," se my God. (Jesaja 57:18-21)

"Nee, is die vas wat Ek wil hê, dan nie: om mense wat onregverdig in die tronk is, vry te laat, om die juk van mense af te haal en elke juk te breek nie? Is dit nie om jou kos te deel met die wat honger is, om aan die arme en swerwer kos en blyplek te gee, om klere te gee vir mense wat dit nodig het, om nie weg te draai van medemense wat jou hulp nodig het nie? As jy dit doen sal die lig vir jou deurbreek soos die nuwe dag. Jou genesing sal spoedig herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die heerlijkheid van die HERE sal jou van agter beskerm. Wanneer jy dan roep om hulp, sal die HERE antwoord. Jy sal roep om hulp en Hy sal sê; Hier is Ek!

As jy ontslae raak van die juk van verdrukking, van die beskuldigende vinger en kwaadpraterij, as jy jouself opoffer ter wille van die wat verdruk word en voorsien in hulle behoeftes dan sal ek jou lig skyn in die donkerte en jou nag sal word soos helder dag. Die HERE sal jou altyd lei. Selfs in tye van droogte sal Hy voorsien in jou behoeftes. Hy sal jou gesond en sterk hou. Jy sal wees soos 'n tuin wat genoeg water kry, soos 'n fontein wat altyd aanhou vloei. (Jesaja 58:6-11)

Die Gees van die oppermagtige HERE het op my gekom. Die HERE het my gesalf om goeie nuus te bring vir arme mense. Hy het my gestuur om die wat hartseer is, te troos, om vir die gevangenes vryheid aan te kondig, en vrylating vir die in die tronk; om die genadejaar van die HERE aan te kondig, die dag van afrekening vir ons God. Maar almal wat treur, troos Hy, die dag wanneer Hy voorsien vir die wat in Sion treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding, 'n plantasie van die HERE om sy roem te vermeerder. (Jesaja 61:1-3)

Die HERE sê: "Mense met insig moenie spog met hulle kennis nie. Sterk mense moenie grootpraat oor hulle krag nie. Ryk mense moenie roem in hulle rykdom nie. Laat hulle wat wil spog die doen omdat hulle my ken, en begryp dat Ek die HERE is wat reg en regverdig is, wie se liefde onfeilbaar is, want dit is die dinge wat My bly maak. Ek, die HERE, het dit gesê!" (Jeremia 9:23-24)

Die HERE sê: "Daar rus 'n vloek op die wat hulle vertrou stel in gewone mense. Hulle vertrou is nie op die HERE nie. Hulle is soos bossies in die woestyn met geen vooruitsig vir die toekoms nie. Hulle sal woon in 'n verskroeiende woestyn op soutvlaktes waar niemand kan leef nie. Maar gelukkig is die mense wat op die HERE vertrou en hulle verwagting in Hom stel. Hulle is soos bome wat langs 'n rivier staan, hulle wortels reik diep tot by die water. Hitte bedreig hulle nie, hulle blare bly groen. Lang maande van droogte pla hulle ook nie, hulle hou nie op om vrugte te dra nie. "Die mens se hart is deur en deur bedrieglik en ongeneeslik. Wie weet regtig hoe sleg dit is?"

"Maar EK weet! Ek, die HERE, deursoek alle harte en geheime motiewe. Ek gee elkeen wat hulle toekom, volgens wat hulle gedoen het."

Mense wat op 'n oneerlike manier ryk word, is net soos 'n voel wat eiers uitbroei wat sy nie gelê het nie. Hulle sal al hulle rykdom verloor. Aan die einde van hulle lewens sal hulle niks anders as dwase wees nie! Maar ons aanbid U by u glansryke troon, ewig, hoog en glorieryk. O HERE, hoop van Israel, almal wat aan U wegdraai, sal beskaam word. Hulle sal in die stof begrawe word, want hulle het weggedraai van die HERE, die fontein van lewende water. HERE, U alleen kan my gesond maak. U alleen kan my red sodat ek veilig kan wees. U alleen prys ek! (Jeremia 17:5-14)

"Ek sal jou gesond maak en jou wonde genees." (Jeremia 30:17)

"Maar neem kennis, die tyd sal weer aanbreek dat Ek die mense van die stad sal herstel en gesond maak. Ek sal hulle baie voorspoedig en standvastig maak. Ek sal die omstandighede van Israel en Juda verander en hulle weer die volk maak wat hulle vroeër was. Ek sal hulle rein maak van die sonder wat hulle teen My gedoen het. Hulle het verkeerd gedoen en was opstandig teen My, maar Ek sal hulle daarvoor vergewe. Die stad sal vir My baie blydschap, roem en eer voor al die nasies van die wêreld bring. Hierdie nasies sal van vrees bewe as hulle al die goeie dinge sien wat Ek vir my mense doen."  
(Jeremia 33:6-9)

"So sê die oppermagtige HERE: Ek sal self my skape soek en vir hulle sorg. Ek sal soos 'n herder wees wat na sy verstrooide kudde kyk. Ek sal my skape vind en red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker dag van oordeel. Uit die nasies en lande waar hulle was, bring Ek hulle huis toe na hulle eie land. Ek laat hulle wei op die berge van Israel en in die klowe, op al die plekke waar mense lewe. Ek gee hulle goeie weiveld op die hoe heuwels van Israel. Hulle sal in groen weivelde lê en herkou, op goeie velde in die berge van Israel. Ek versorg self my skape en laat hulle in vrede lê en rus, sê die oppermagtige HERE. Ek soek na die wat afgedwaal het en bring hulle veilig terug. Ek verbind die wonde van die beseerdes en versterk die swakkes. Maar Ek vernietig die vettes en magtiges. Ek lei die kudde in reg en geregtigheid. (Esegel 34:11-16)

Allehande soorte vrugtebome sal aan weeskante van die rivier groei. Die blare van hierdie bome sal nooit verlep nie en daar sal altyd vrugte aan die takke wees. Daar sal elke maand 'n vrugte-oes wees, want die bome kry hulle water van die rivier wat uit die tempel vloei. Die vrugte sal kos wees en die blare sal genesing bring. (Esegel 47:12)

Hulle het 'n klip gebring en dit voor die ingang van die hok gesit. Die koning het dit met sy seëlring en die seël van sy vooraanstaande amptenare verseël sodat niemand daarmee kon peuter en Daniel uithaal nie. Die koning is toe terug na sy paleis toe. Hy het daardie aand niks geëet nie. Daar is nie soos gewoonlik vir hom musiek gemaak nie. Hy kon ook nie daardie nag slaap nie. Met dagbreek die volgende oggend het hy haastig na die leeus se hok toe gegaan. Naby die hok het hy angstig na Daniel geroep en gevra: "Daniel, dienaar van die lewende God, kon jou God wat jy altyd aanbid, jou van die leeus red?" Daniel het die koning geantwoord: "Mag die koning lank lewe! My God het sy boodskapper gestuur. Hy het die leeus se bekke toegesluit sodat hulle niks aan my kon doen nie, want ek het niks verkeerd teen Hom gedoen nie. Ook teen die koning het ek geen oortreding begaan nie." (Daniel 6:18-23)

"Kom, laat ons teruggaan na die HERE toe! Hy het ons verskeur; Hy sal ons weer genees. Hy het ons geslaan; Hy sal ons wonde weer verbind. Hy sal ons na twee dae laat aansterk en op die derde dag weer laat opstaan sodat ons in sy teenwoordigheid kan lewe. Kom laat ons die HERE ken! Laat ons ons inspan om ons aan Hom toe te wy! Dan sal Hy ons antwoord. Dis so seker as die aanbreek van die nuwe dag of die koms van die reën, die lentereëns wat die grond deurweek. (Hosea 6:1-3)

Die magtige HERE sê: "Die dag kom en dit brand soos 'n vuuroond. Op die dag sal alle verwaande, alle goddelose mense soos kaf deur vuur verteer word. Niks sal oorbly nie, nie wortel of tak nie. (Maleagi 4:1-3)